Leipie Nuus

4-8 MAART 2019

Nommer 8/2019

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 4 Maart

Netbal:	Oefening – o/7-o/9 14:00-14:45, o/10-o/13A 14:50-16:05, o/10-o/13B&C 14:50-15:50
Rugby:	Oefening o/9-o/10A&B 13:50-15:00, o/11A&B, o/13B 15:05-16:20 1ste span 16:00-18:00
Bulletjierugby:	Oefening vanaf 17:30-18:30
Landloop:	Afrigting te H/s Centurion om 16:30
Voortrekkers:	Byeenkoms om 17:00 - Voortrekkersaal, Gloverlaan

Di 5 Maart

Netbal:	Wedstryde vs L/s Monumentpark (tuis)
Rugby:	Oefening o/9-o/10A&B 13:50-15:00, o/11A&B, o/13B 15:05-16:20 1ste span 16:00-18:00
Skaak:	Afrigting vanaf 14:15-15:15 in Me Booyse se klas
Landloop:	Afrigting te H/s Centurion om 16:30

Wo 6 Maart

Koor:	Oefening Jnr koor vanaf 13:45-14:30 in Me Coetzee se klas Oefening Snr koor vanaf 14:00-15:00 in saal
Skaak:	Sosiale skaak Me Booyse se klas
Landloop:	Afrigting te H/s Centurion om 16:30
Bulletjierugby:	Oefening vanaf 17:30-18:30
Netbal:	Distriksproewe o/12-o/13 en gradering te Southdown College
Redenaars:	Interne redenaars Gr 4-7

Do 7 Maart

Netbal:	Wedstryde vs L/s Tuine (tuis)
Rugby:	Wedstryde vs L/s Tuine (tuis)
Landloop:	Bulte oefening in Aletheastr om 16:30
Redenaars:	Interne redenaars Gr 1-3

Vry 8 Maart

Landloop:	Afrigting te H/s Centurion om 16:30
Pa & Seun:	Pa & seun oorslaap - rugbyveld

Sa 9 Maart

Skaak:	Distriksproewe H/s Waterkloof 8:00-12:00

UIT DIE KANTOOR:

Baie geluk aan Me Surette Taljaard wat tot die beheerliggaam verkies is.

Ons versoek dat ouers asb die korrekte verwysing gebruik vir die inbetaling van gelde in die skool se rekening. Stuur asb ook bewys van betaling na die korrekte epos adresse: **finansies@louisleipoldt.co.za, debiteure@louisleipoldt.co.za**
10% korting vir skoolgeld wat teen **1 Maart** ten volle vereffen word.

Besoek gerus die skool se facebookblad – Laerskool Louis Leipoldt vir baie nuus en foto's!

BELANGRIKE DATUMS:
2 Maart: Rugby oefenkamp o/9-o/13 (tuis)
8 Maart: Pa en seun oorslaap
11 Maart: o/10-o/13 netbalkliniek (tuis)
12 Maart: o/7-o/9 netbalkliniek (tuis)
13 Maart: Lofprysing – alle Gr 4-7 maats en hul maats welkom
14 Maart: Gr 6-7 uitstappie – H/s Centurion
9 April: H/s Centurion opedag
10 April: Gr R opedag

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)
Atletiek: Geluk aan die volgende atlete wat gaan deelneem aan die Gauteng Kampioenskappe: Ankia Viljoen, Dieneke Beukes, Christe Loedolff, Maryke Geldenhuys, Armand Duffy.
Netbal: Geluk aan die volgende spelers wat deurdring na die Distriksproewe: Taenique Calitz, Briggitte Piepmeyer, Luché Steyn, Yorey Senekal, Christé Loedolff.
Stoei: Tuks Stoei kompetisie – Ellie Grünenfelder 1ste plek, Werni Grünenfelder 2de plek, Stiaan Grünenfelder 2de plek, Laker Grünenfelder- 3de plek, 2de plek Oos Gauteng stoei kampioenskappe.
Musiek: Annabelle Kotzee- Slimkoppe Musiekskool – Klavier A+
Akrobaat: Emmelee Strydom- oranje akrobaat eksamen 99% en sertifikaat

INDIVIDUELE FOTO'S:
Vormpie met 'n voorbeeld van die foto asook 'n unieke fotokode is reeds uitgegee. Pakket @ R120. **Asb GEEN betaling in die skool se rekening nie. Betaling moet geskied soos op fotograwe se webblad en nie soos voorheen na fotograwe se rekening nie.** Indien die vormpie met nommer verlore raak, kontak asb registeronderwyser/es vir die nommer. **Let asb daarop dat die afsnydatum vir gratis aflewering by die skool vir hierdie sessie se foto's 4 Maart is. Bestellings na 4 Maart sal nie gratis afgelewer word nie.**

D6 KOMMUNIKEERDER:
Die nuwe D6 kommunikeerder toepassing is vrygestel. Volg asb die skakel wat aan elke ouer gestuur is. Dit neem u na die "Appstore" waar u dan met die "token" wat deel van die skakel is moet registreer. Die nuwe toepassing word gebruik vir alle toekomstige kommunikasie. **Die ou weergawe sal vanaf 4 Maart nie meer gebruik word nie.**

GR R OPEDAG:
10 April - Gr R opedag vir voornemende Leipies vir 2020 vanaf 17:00-18:00. Inskrywingsvorms by die kantoor beskikbaar. Inskrywing word reeds ingeneem.

2019 – Leipie waardejaar

***LEIPIES**: Respek – Vir my sing maar liewer van blomme; van al wat die sonskyn laat spartel; van rotse en branders en wolke – maar nooit nie, nee nooit nie van geld!* *C Louis Leipoldt*

L/S LOUIS LEIPOLDT SKOOLKLEREVERSKAFFERS
L Leipoldt Skoolklere: Leipie Hypie
Hervormde Kerk, Napierstraat 103, Lyttelton
Berthie v Genderen - 073 1475705
Maandae – Donderdae 13:30 – 17:30
Saterdae per afspraak

Marethas Skool Uitrusters:
Clubview sentrum, Hoek van Adam Tas en Lytteltonweg, Clubview
012 660 1118
Weeksdae 8:00 – 17:00, Saterdae 8:00 – 13:00

Eduwear (PTY) Ltd:
Krugerlaan 39, Lyttleton
084 721 8701
Flexityd tot 18:30. Whatsapp vir afspraak

VERLORE KLERE:
Leerders en ouers moet asb verlore klere by die verlore klere kas op die vierkant opeis. Baie dankie aan die ouers wat so gaaf is om klere wat gemerk is uit te soek. Klere wat na 2 weke nie opgeeis word nie, sal verkoop word.

PARKERING VOOR HEKKE:
Ons versoek ouers om nie voor die toegangshekke te parkeer indien u leerders op-/aflaai nie. Personeel kan nie by hekke in of uit beweeg nie, en ander verkeer word ook ontwrig. Gebruik asb slegs die gemerkte parkerings.

SKAAKAFRIGTING:
Afrigting by Mnr Hans Steyn Dinsdae vanaf 14:15-15:15 in Me Booyse se klas. Koste beloop R450-00 per kwartaal.
Navrae – Mnr Steyn 084 567 7410

GR 6&7 UITSTAPPIE – H/S CENTURION:
Alle toestemmings- en vrywaringsvorms moet 7 Maart terug wees by die skool sodat ons die getalle kan bepaal vir die uitstappie van 14 Maart.

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

OUERS OP DIE SKOOLTERREIN:
Ons doen 'n beroep op u om by die wag in te teken indien u die skool besoek gedurende skoolure, en dan by die kantoor aan te meld. U kan nie net op die skoolterrien rondbeweeg gedurende skoolure nie, aangesien dit probleme skep met die sekuriteit van ons kinders. **Ouers moet asb nie self leerders op die skoolterrein soek nie. Meld asb by die kantoor aan waar leerders geroep sal word.** Ouers moet asb ook leerders by die kantoor uitteken. Indien leerders laat is, moet ouers hul na die kantoor vergesel waar u hul moet inteken en leerders sal dan 'n briefie ontvang wat by registeronderwyser/es ingehandig moet word. Terwille van veiligheid mag leerders geen items deur die heining van enige persone neem nie.

AKTV REDENAARS:
Al die voornemende redenaars sal teen Vrydag 1 Maart bevestiging kry van deelname op 6 & 7 Maart. Alle deelnemers moet hulle toesprake vlot ken op Maandag 4 Maart.
Gr 4-7 redenaars vind Woensdag 6 Maart plaas om 18:00.
Gr 4-5 in die saal, Gr 6-7 in die mediasentrum.
Gr 1-3 redenaars vind Donderdag 7 Maart plaas om 18:00 in die saal.

GRAAD 7 TRUIE:
Alle Gr 7 leerders kan hul moulose-/langmoutrui laat borduur met Gr 7 logo @ R15-00 per trui. Handig asb moulose-/langmoutrui in 'n sak met naam op en R15-00 ingesluit by Me v Rensburg in vir borduurwerk.

KOPLUISE:
Die epidemie is hoogs aansteeklik en versprei baie maklik na ander kinders se koppe. Ons vra die ouers se samewerking om seker te maak dat u kind/ers se koppe skoon is van enige nete en kopluise. Een leerder in die klas kan die ander aansteek. Ouers wat moeite doen en onkostes aangaan raak ongelukkig wanneer hul kinders weer by klasmaats aansteek.
Dit is departementele beleid dat leerders met kopluise of nete nie die skool mag bywoon alvorens die kop nie heeltemal skoon is nie

LEERDERS WAT LAAT KOM:
Ouer moet asb nie leerders wat in die oggende laat is net aflaai nie. Leerders moet by die kantoor aanmeld, en ouers moet asb die leerders kom inteken. Leerders ontvang 'n briefie wat aan die registeronderwyser gegee moet word as bewys dat hulle by die kantoor was.

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____

(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)